Dat of los?

KERKARGIEFKONFERENSIE
DINSDAG, 11 JUNIE 2019
NG KERK ARGIEF, NOORDWAL-WES 1, STELLENBOSCH

09:00 Registrasie

09:30 Opening en verwelkoming

Dr Andrew Kok – Bestuurder: NG Kerk Argief

Voorsitter: STA

09:45 Die Wêreldraad van Kerke Argief

Ds Frans du Plessis – NG Gemeente Brits

Frans van den Berg du Plessis het in 2015 sy BTh, MDiv en MTh aan die Universiteit van Pretoria voltooi. Hy is tans ingeskryf vir ‘n PhD in Kerkgeskiedenis en kerkreg. Die fokus van sy studie is ‘n missionale en ekumeniese evaluasie van die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika vanaf 1970 tot nou. Frans werk vanaf 2013 – 2016 vir World Communion of Reformed Churches (WCRC). Hy skop af as ‘n intern in die Kommunikasie-afdeling, maar spoedig word hy aangestel as die assistent van die Uitvoerende Sekretaris van Kommunikasie. Hy bestuur die digitiseringsproses van die hele WCRC Argief en is die toesighouer oor sekere projekte onder bestuur van die Argivarisse van die Wêreldraad van Kerke. Tans is hy predikant van ‘n gemeente in ‘n klein plaasgemeenskap buite Brits en maak seker dat alles, van sy vrou tot hul Jack Russel se dokumente geargiveer word.

10:30 Insameling en bewaring van argivalia in ’n akademiese omgewing

Me Karlien Breedt – US Argief

Karlien Breedt verwerf in 1995 ‘n BA (Hons) –graad van die Universiteit Stellenbosch. Hierna is sy werksaam by die Landbounavorsingsraad se Instituut vir Vrugte-, Wingerd- en Wynnavorsing as bibliotekaris. Sedert 2011 is sy Argivaris by die Universiteit Stellenbosch Argief.

11:15 Koffie / Tee

11:45 Spesiale Versamelings in ‘n navorsingsintensiewe omgewing

Me Marieta Buys

Marieta Buys behaal ‘n BA (Hons) in Geskiedenis sowel as Biblioteek- en Inligtingkunde aan die Noordwes Universiteit (Potchefstroom). Sedert 1989 werk sy in die spesiale versamelings van akademiese biblioteke te Potchefstroom en Pretoria. Sy is tans werksaam by die Spesiale Versameling van die Stellenbosch Universiteitsbiblioteek.

12:30 Middagete

13:30 Groepbespreking:

Wat moet Kerkargiewe insamel?

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Mnr Nandor Sarkady

Nándor Géza Sarkady voltooi in 1992 sy B.A. (Hons) aan die Universiteit van Pretoria. Gedurende 1993-1995 voltooi hy sy Nagraadse Diploma in Argiefstudies aan die Rijksarchiefschool in Den Haag. Dit sluit ook praktiese werk in aan die Staatsargief in Utrecht, Nederland. In 1995 begin hy sy loopbaan as mede-argivaris by die Argief van die Nederduitsche Hervormde Kerk en is sedert 2009 die hoofargivaris.

Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Me Carmi Huisman

Carmie (*van der Walt*) Huisman studeer, B.Ed (Hoër Onderwys) aan die PU vir CHO. In 1984 begin sy haar onderwysloopbaan in Walvisbaai. Vanaf 2001-2005 word sy getaak deur die Departement Nasionale Onderwys met die skryf van die Kurrikulum vir Uitkomsgebaseerde Onderwys (UBO) in die vakke: Kuns en Kultuur, en Geskiedenis. In 2007 begin haar loopbaan by die GKSA Argief as assistent argivaris. Na die aftrede van ’n kollega, en deeglike indiensopleiding word sy in 2007 aangestel as argivaris. In die tydperk wat volg woon sy talle argivale kursusse van die Paper Conservation, Bookbinding and Training Centre in Kimberley by.

NG Kerk in SA

Dr Andrew Kok

Andrew Kok behaal ’n D Com in Kennisbestuur aan UJ in 2006. Hy doseer Inligting- en Kennisbestuur aan RAU/UJ en was sedert 2007 die Kennisbestuurder by die Wes-Kaapse regering. Vanaf 1 Desember 2017 is hy die Bestuurder van NG Kerk in SA: Argief.

Afrikaanse Protestantse Kerk

Ds Lee Greyling

Ds. Louis Daniël (Lee) Greyling verwerf ’n BA-graad aan die Universiteit van Pretoria 1997, waarna hy sy Teologiese studie begin by die Afrikaanse Protestantse Akademie en verwerf die B.Th-graad in 2000.

Hy word deur die Kuratorium van die Afrikaanse Protestantse Kerk gelegitimeer en beroepbaar gestel op 26 November 2000. Ds. Greyling word as leraar bevestig in die AP Kerke Somerset-Oos en Graaff-Reinet op 20 Januarie 2001 en bedien hierdie gemeentes tot Desember 2008. Daarna bedien hy die AP Kerk Port Elizabeth tot Junie 2018 en is tans die leraar van die AP Kerk Jeffreysbaai. Hy dien as voorsitter van die Kommissie vir Kerkargief reeds vanaf 2007 en ook as Voorsitter van die Publikasiekommissie vanaf 2016. Die afgelope 17 jaar dien hy as Skriba van die Ringskommissie (Ring van Somerset-Oos). Ds. Greyling het in 2011 ’n boek gepubliseer met die titel: HANDLEIDING vir Kerklike Administrasie. In hierdie publikasie word die administratiewe take wat op gemeentes van toepassing is uiteengesit en praktiese riglyne gegee asook sekere Argiefbeginsels word bespreek en verduidelik.

15:15 Die spesiale-versameling by KSUT met spesifieke verwysing na Streeks- en Familiegeskiedenis

Me Petro Coreejes-Brink – KSUT

Petro Coreejes-Brink is vir die laaste 23 jaar werksaam by die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (KSUT/CPUT), eers as navorsingsbibliotekaris en tans as Biblioteekbestuurder van ses takbiblioteke. Sy is verantwoordelik vir die spesialeversamelings in al die biblioteke van KSUT. Al haar kwalifikasies het sy behaal aan die Universiteit van Stellenbosch (B.Bibl, BA Hons en MA in Kultuurgeskiedenis). Sy is aktief betrokke by verskillende kultuurorganisasies in Suid Afrika. Sy was vir die laaste vier jaar die voorsitter van die Wes-Kaapse Argiefraad en het ook die Wes-Kaap Provinsie verteenwoordig op die Nasionale Argiefraad.

15:45 Opsomming

Dr Andrew Kok

16:00 Afsluiting

Prof Retief Muller - US